# Afdeling 4: Die PUK in die samelewing

## Hoofstuk 4.1

## DIE PUK EN DIE POLITIEK, 30-erjare



**"As far as the authorities controlling education were concerned, they knew no politics at all. They did not know what the politics of the professors were and they did not care … but he thought it very desirable that a professor should not bring himself into the heat of party controversy in such a way as to cause considerable anxiety to the institution to which he belonged or amongst those who supported that institution."**

**- Minister van Onderwys Patrick Duncan, 1923**

**"Die Raad het kennis geneem van die besware wat ingebring is teen aktiewe deelname van dosente aan die politiek en besluit dat hy dit baie wenslik en noodsaaklik ag dat dosente onder omstandighede hulle liewer heeltemal moet onthou van aktiewe deelneming aan party-politiek."**

**- Komitee Interne Beheer Notule, 113.8.1938 art 11**


## 4.1.1 Politieke koersaanduiding

Die eerste aanhaling hierbo, dié van minister Patrick Duncan, dateer uit die vroeë twintigerjare en het te doen met 'n vraag oor politieke uitsprake van 'n professor aan die Transvaalse Universiteitskollege (TUK) te Pretoria. Duncan het wel daarvan in die koerante gelees, maar geen amptelike klag is by hom gelê nie en hy het gehoop dat daar nie op parlementêre vlak debat gevoer sou word oor politieke uitlatings van professore nie. Naas die riglyne vir optrede soos hierbo vervat, het hy ook gevoel dat aan sowel professore as studente volle vryheid ten opsigte van politieke sieninge ("a full measure of liberty in regard to their political views") gelaat moes word. [1]

Die tweede aanhaling is direk van toepassing op die PUK en dateer uit die laat dertigerjare se ontstuimige politieke toestande in Suid-Afrika.

Die twintigerjare is gekenmerk deur redelike stilte en kalmte vir sover dit politieke betrokkenheid van personeel en studente op die PUK-kampus betref, enersyds vanweë die feit dat die PUK van meet af aan in 'n verbete stryd om te bestaan en voort te bestaan betrokke was, wat deurentyd die energie van veral die dosente moes getap het. Die twee personeellede wat 'n hoë openbare profiel vertoon het, prof APC Duvenage (tot met sy dood in 1923) en SPE Boshoff, het hul hoofsaaklik op diens binne die plaaslike gemeenskap toegespits terwyl ds WJ de Klerk, wat in die vorige dekade baie bedrywig was op politieke gebied, se taak as registrateur van die nuwe universiteitskollege en sy betrokkenheid by die aktiwiteite van die VKHO ook nie juis tyd vir buite bedrywighede gelaat het nie. Hiermee saam, die feit dat die Nasionale Party, wat vanaf sy stigting die lojaliteit van die akademiese gemeenskap op die Bult gehad het, in 1924 aan bewind gekom het en dus tot 'n mate die politieke klimaat waarin die PUK gefunksioneer het, gestabiliseer het. Boonop het die erkenning van Afrikaans as ampstaal in 1925 ook 'n gemaklikheid betreffende die taalkwessie wat maar altyd 'n faktor in die politiek was, laat intree.

Laastens moet in gedagte gehou word dat in Maart 1921, op die vooraand van inkorporasie by die Universiteit van Suid-Afrika, teenoor die Potchefstroomse Kamer van Koophandel onderneem is dat daar van die kant van die personeel en van die PUK as geheel geen aktiewe deelname aan die politiek sou wees nie. By dié geleentheid het PUK-segsman APC Duvenage genoem dat reeds omstreeks twee jaar tevore besluit is dat personeel nie aktief aan party-politiek sou deelneem nie. Hy het ook die Universiteit van Kaapstad, waar hy pas tevore sy meestersgraad verwerf het, as model voorgehou: "It was not a question of Nationalists, English Jingoes or Jews, but of South Africans, and that was the spirit they wanted to foster here – (hear, hear)." [2]



***4.1.1***

***Prof APC Duvenage ... sy versekeringe oor nie-deelname van personeel aan die politiek het teen dit middel-dertigerjare soos mis voor die son verdwyn.***

Die dertiger- en veertigerjare, daarenteen, sou gekenmerk word deur hoogspanningspolitiek – enersyds op die breë terrein van die politieke partywese, andersyds binne die enger afgebakende nasionalistiese Afrikanergeledere. Kragtens sy herkoms, sy geskiedenis en sy openlik Afrikanernasionalistiese grondslag sou die PUK nie van hierdie verwikkelinge losstaan nie en het verskeie personeellede baie prominent gefigureer in die politieke verwikkelinge van die tyd. Die onderneminge van vroeër en die ideale van Duvenage het soos mis voor die son verdwyn.

Die dekade dertig word gekenmerk deur ekonomiese, sosiale en politieke gebeure en omwentelinge wat Suid-Afrika by tye tot in sy fondamente sou skok. Met die aanvang van die dekade was die land geklem in die wurggreep van ongekende droogtes en 'n voortslepende depressie. Hierop volg die krisis rondom die goudstandaard, wat op sy beurt die politieke appelkar omgekeer en tot 'n heel nuwe politieke oriëntering gelei het toe die politieke opportunis, Tielman Roos, die Suid-Afrikaanse regering as 't ware van die goudstandaard af gedwing het.

Aanvanklik bloot net in die vorm van 'n koalisie, word die samewerking tussen eertydse politieke aartsvyande genls JBM Hertzog en JC Smuts weldra omskep in 'n samesmelting van hul twee politieke partye (die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party) in die Suid-Afrikaanse Nasionale Verenigde Party, kortweg bekend as die Verenigde Party. Bogenoemde verwikkelinge het nie in almal se kraam gepas nie en 'n beduidende groep uit Nasionale geledere het onder leiding van dr DF Malan agtergebly en die party in "gesuiwerde" of "gehandhaafde" vorm voortgesit. Die



*4.1.2*

***Prof AJH van der Walt lewer 'n "uiterst bezadigde" artikel oor koalisie.***

politieke verdelingslyn, tussen groeperings populêr aangedui as "smelters" en "gesuiwerdes", het nou dikwels in familieverhoudings ingesny en dit was by tye pa teen seun, broer teen broer.

In skerp kontras met die twintigerjare, toe PUK-personeel 'n taamlik lae profiel vertoon het vir sover dit deelname aan nasionale politiek betref, betree etlike dosente in die dekade dertig die politieke arena en is hulle by tye sterk op die voorgrond. Hierdie politieke aktivisme sou veral ten opsigte van die verhouding met Brittanje en die Britse Ryk enersyds en die politieke binnegevegte in Afrikaner geledere andersyds na vore kom. Hoewel daar beslis ook ander politieke sentimente op die PUK-kampus aanwesig was, het dit nie opsigtelik gefigureer nie.

Enkele individuele lede van PUK se personeel het selfs 'n leidende rol gespeel in die politieke koersaanduiding van die tyd, onder andere in die tydskrif *Koers*, wat in informele hoedanigheid as mondstuk van die universiteit gedien het. [3]

Geskiedenisprofessor AJH van der Walt het die "verbystering" waarmee koalisie destyds ervaar is, in wat deur die tydskrif *Zuid-Afrika* bestempel is as 'n "uiterst bezadigde" artikel [4] in historiese perspektief geplaas. Onafhanklikheid binne die Britse Ryk is volgens sy ontleding die ware grondslag vir koalisie. Genl Hertzog, as kampvegter vir hierdie strewe, het "die voorhoede van die leer wat hyself help mobiliseer het" naamlik die Republikeine, die Calvinistiese Bond en andere gerepudieer en die meerderheid Hollandssprekende Afrikaners met die idee van die Britse Ryk versoen. "Die Imperialis gaan opnuut triomferend deur die land wandel", voorspel van der Walt, en sê dat die huidige toestand "vir elke denkende Afrikaner besonder veel tot ernstige nadenke en selfondersoek bied". [5]

Ook prof LJ du Plessis, wat die rubriek "Die loop van dinge" vir *Koers* hanteer het, het afwysend gestaan teenoor die politieke verwikkelinge van die tyd. Reeds in Junie 1933 voorspel hy "dat die keuse lê tussen saamsmelting aan die een kant en Herstigting van die Nasionale Party aan die ander kant". [6] Teenoor samesmelting, wat hy as onafwendbaar beskou en wat bepaalde voordele en vooruitsigte inhou, beskou hy as "meer noodsaaklik nog en ook reeds in die vooruitsig is die herstel van ons nasionale ideaal, van republikeinse vryheid, ekonomiese selfstandigheid en 'n Afrikaans-Christelike kultuur, deur middel van 'n georganiseerde groep van manne wat nie geroepe voel om die koalisie-weg te bewandel nie". [7]

Manne soos LJ du Plessis en HG Stoker was uitgesproke teenstanders van Britse imperialisme of die verbritsingsproses [8] terwyl veral Du Plessis hom nie onbetuig gelaat het oor die republikeinse ideaal nie.

So ver terug as 1930 het laasgenoemde reeds besliste sieninge gehad oor die Afrikaner se strewe, naamlik "dat ons ter wille van ons nasionale selfstandigheid in alle opsigte los moet kom van die Britse Ryk wat ons volksiel verdeel en vervals en dat ons nasionale kultuur sy afsluiting en bolwerk moet vind in 'n eie Afrikaans-Republikeinse staatsvorm, vry van vreemde oorheersing". Die Britse konneksie in al sy vorme "en 'n uitgediende regeringstelsel waarin ons regeerders self nie meer glo nie" was syns insiens die belemmeringe. [9] In Desember 1933 het hy dié ideaal as van onmiddellike praktiese belang bestempel "omdat alleen deur openlike aanvaarding daarvan as 'n politieke beginselpunt ons verlos kan word van die dubbelsinnigheid wat ons op die oomblik in die politieke moeras gebring het". [10] Enkele jare later, in 1936, is sy oordeel veel skerper oor "die Britse konneksie wat nie alleen ons **staatsvorm** vervals, maar ook ons **staat** self verbrits en as Afrikaanse staat ontman". Die eis vir 'n Afrikaanse volkstaat sou enkele jare later deur kollega prof CJH de Wet onomwonde beklemtoon word: "Suid-Afrika behoort aan die Afrikanervolk". [11]

Du Plessis het reeds in 1933 verblydende tekens van groeiende nasionale bewuswording bemerk, onder meer in die besoek van 'n groep Dietse studente, die uittrede van "die bewus Afrikaanse studente" van GUK, PUK en UP uit die "onafrikaanse" NUSAS-organisasie en die hartlike aanvaarding van 'n waardige Afrikaanse Bybelvertaling. [12]

Van die kant van die beswaardes teen samesmelting is die bal spoedig aan die rol gesit om 'n nuwe politieke organisasie in Transvaal op die been te kry. Slegs die




*4.1.3*

***Uitstappers en "Handhawers" van "Gesuiwerde" Nasionale Party in 1934. (1) AH Koomans, Potchefstroomse uitgewer (2) ds WJ de Klerk, eertydse PUK-registrateur (3) adv JG Strijdom (4) prof CJH de Wet en (5) prof LJ du Plessis.***

Waterbergse Volksraadslid, JG Strijdom, het nie vir genl Hertzog in die koalisie met genl Smuts en sy mense gevolg nie. Verskeie Potchefstroomse akademici sou 'n prominente rol in hierdie nuwe partyvorming speel.

Met die vurige Strijdom aan die spits is daar reeds in November 1933 'n Waaksaamheidskomitee in Johannesburg gestig "om die N.P. in Transvaal te red en te behou". Prof CJH de Wet van Potchefstroom is as voorsitter aangewys terwyl ds WJ de Klerk, skoonvader van Strijdom, eertydse registrateur en nou voorsitter van die Raad van die PUK, ook as lid gedien het. Saam met soortgelyke komitees in die Vrystaat en Kaapland het hierdie komitee die stryd teen samesmelting "kragdadig" gevoer. [13]

Prof de Wet, ds de Klerk en andere het hulle sterk beywer vir 'n republikeinse party, die ideaal in die manifes van die komitee laat inskryf en inderdaad bewerkstellig dat die komitee teen die middel van 1934 omskep is as die Christelike Republikeinse Beweging van Suid-Afrika. In Julie 1934 het die beswaardes vanuit Transvaal, die Kaap en die Vrystaat besluit om die Nasionale Party "op gesuiwerde grondslag" te handhaaf en is 'n beswaarskrif teen samesmelting onder die hand van prof de Wet en AH Koomans, die bekende uitgewer wat ook te Potchefstroom drukwerk gedoen het, uitgereik. [14]

Beide geleerdes se aanvoeling was reg. Die onmin en verdeeldheid in die Nasionale Party as gevolg van Hertzog se besluit om met Smuts saam te werk het vroeg in Augustus 1934 tot skeuring in die Nasionale Party van Transvaal gelei. Proff LJ du Plessis en CJH de Wet, wat nou reeds kniediep in die partypolitiek betrokke was en wie se optredes waarskynlik medeverantwoordelik was vir die besprekinge oor politieke deelname van personeel in die PUK-forums in hierdie tyd **(kyk 4.1.2, hierna)**, het hulle geskaar by die handjievol Nasionaliste (38 uit 281 afgevaardigdes) wat, op aankondiging van Du Plessis, uit die kongres uitgestap en hulle bedrywighede in die "gehandhaafde" Nasionale Party voortgesit het. [15] Vreemd genoeg kom die naam van LJ du Plessis slegs een maal voor in die beskrywing van die destydse woelinge.

Van hierdie episode sê Du Plessis later: "My eerste botsing met 'n Nasionale leier was in 1933-34, toe ek die 'gesuiwerdes' uit die Transvaalse saamsmeltingskongres uitgelei het na Adv. Strydom, nadat Genl. Hertzog te kenne gegee het dat die teenstanders van samesmelting net possie-soekers is en die kongres dit beaam het." [16]

Met samesmelting 'n voldonge feit, het Du Plessis die riglyne vir die politieke organisasie van die nonkonformiste uitgespel as synde " 'n gesuiwerde en meer gerepublikaniseerde en gesosialiseerde Nasionale Party". [17] In 'n volgende oorsig beklemtoon hy dat die nuwe party "nou moet konsentreer op uitbouing van sy beginselprogram en uitbouing van 'n program van aksie in Christelik-Nasionale rigting met beklemtoning van republikanisme, ekonomiese reorganisasie ten bate van die boer en arbeider, segregasie, tweetaligheid in die Staatsdiens en Christelik-Nasionale onderwys". [18]

Die beswaardes het besluit om as afsonderlike organisasie te bly funksioneer, onder die naam "Gehandhaafde" Nasionale Party. Du Plessis en De Wet is, saam met ds De Klerk, as hoofbestuurslede

van die nuwe party aangewys terwyl De Wet ook op die federale raad van die party sou died. [19] Aanvanklik spottenderwys deur genl JCG Kemp aan die afgeskeidenes toegeken, het die naam "Gesuiwerde" Nasionale Party as suiwer karakteraanduiding van die wegbrekers in al vier die provinsies spoedig inslag gevind en feitlik 'n erebetiteling geword. [20]

## 4.1.2 Personeel: deelname aan politiek?

By geleentheid in 1934 laat blyk die minister van Onderwys, JH Hofmeyr, in 'n informele gesprek aan rektor Postma "dat die aktiewe deelname aan politiek deur staflede van die P.U.K. die inrigting wellig skade kan berokken" en Postma ag dit gevolglik sy plig om die saak voor die Senaat te lê.

Die saak is bespreek en prof JA du Plessis, ondersteun deur kollega J Chr Coetzee, het voorgestel dat as beleid neergelê word "dat lede van die Senaat nie belemmer moet word in hulle optrede in die politiek nie, maar dat hulle daarop gewys word dat hulle in hulle optrede die nodige versigtigheid in ag moet neem en dat hulle hul deur prinsipiële oorweginge moet laat lei". Toe daar egter oor die saak gestem word, het die meerderheid te kenne gegee "dat die Senaat liewers geen besluit in verband met die saak moet neem nie". [21] Kennelik wou hierdie meerderheid hulle nie laat muilband nie …

Dat daar ook op ander kampusse onrustigheid was, blyk uit Postma se reaksie op 'n navraag van eweknie-rektor Saaiman van Grey Universiteitskollege (GUK) oor PUK-beleid ten opsigte van personeel se politieke bedrywighede, aan die begin van Augustus 1934. Dit was nog altyd sy universiteit se beleid, antwoord Postma, "dat staflede vrygelaat word om aan politiek deel te neem, altyd onder die verstandhouding dat dit met groot versigtigheid gepaard moet gaan en sonder dat in enige opsig die amptelike werksaamhede skade ly". As iemand hom as kandidaat verkiesbaar wil stel, moet toestemming by die Raad en Senaat verkry word. In 'n naskrif voeg Postma by: "Persoonlik sou ek liewer sien dat staflede nie lede van bestuursvergaderings word nie, maar aan die anderkant kan juis deur bestendige leiding baie onaangenaamhede voorkom word. Ook hier geld die reël: 'Versigtigheid is die moeder van wysheid'." [22]

Meer as twee maande nadat dit in die Senaat te berde gebring is, bespreek die komitee vir Interne Beheer die saak en versoek die registrateur om by ander universiteite navraag te doen oor hul reëlings in dié verband. [23] Die Raad word versoek om intussen as beleid neer te lê "dat staflede nie verhinder moet word in hulle optrede in die politiek nie, maar dat hulle daarop gewys word dat hulle in hulle optrede die nodige versigtigheid in ag moet neem en dat hulle hul deur prinsipiële oorwegings moet laat lei." Na breedvoerige bespreking het die Raad besluit om die saak by bespreking te laat: [24] 'n middeweg dus tussen die aanvanklike voorstel van Du Plessis en Coetzee en die standpunt van rektor Postma.



***4.1.4***

***Minister en ou vriend JH Hofmeyr... het Postma aangespreek oor sy personeel se politieke deelname.***

## 4.1.3 Professore CJH de Wet en LJ du Plessis

Prof CJH de Wet het 'n prominente rol gespeel in die vestiging van die "Gesuiwerde" Nasionale Party en het o.a. vroeg in 1935 vir adv Strijdom vergesel op 'n rondreis deur Wes-Transvaal. Tydens die eerste kongres van die nuwe party, middel April 1935, is hy saam met Strijdom en mev MM Jansen as lid van die driemanskapleierskorps van die party aangewys en is sy koerant, *Die Republikein*, saam met *Die Volksblad* as amptelike party organe aanvaar. [25] Strijdom, wat kennelik nie baie ingenome was met die toedrag van sake nie, het later hierna verwys as 'n "Potchefstroom besluit". [26]

Verhoudinge binne die geledere van die "Gesuiwerdes" was ook nie wat dit moes wees nie en in sy leiersposisie was De Wet spoedig in velerlei twisgesprekke betrokke, enersyds oor die nuwe party se program van beginsels maar andersyds ook oor praktiese aspekte soos die verkryging van 'n amptelike mondstuk vir die nuwe party.

Hoewel *Die Republikein*, wat na die oorname van die Potchefstroomse koerant *Die Weste*, in Pretoria uitgegee is en saam met *Die Volksblad* as amptelike partymondstukke aanvaar is, het dit steeds as spreekbuis vir veral De Wet en sy geesgenote opgetree en sodoende spanning geskep. De Wet het ook kwaai kapsie gemaak toe dit bekend geword het dat 'n te-stigte dagblad, met finansiële ondersteuning uit die Kaap, in die plek van *Die Republikein* as amptelike mondstuk van die party in Transvaal sou dien. [27]

Ook LJ du Plessis was steeds woelig op die politieke terrein. As redaksielid van *Die Republikein* het hy dr DF Malan as leier van die party trompop geloop, oor die beplande dagblad in die noorde: "Terwyl ons Potchefstromers van harte die Nas. Pers se plan toejuig om ons Transvalers met 'n dagblad te kom voorsien, voel ons tog (en ons meen die oortuiging bestaan ook by Die Republikein en die Transvaalse Nasionale Leiers) dat die volle morele en finansiële steun van Nasionale Transvaal (wat baie sterker is as sou blyk uit teenswoordige partysyfers) nie verleen sal word aan so 'n van elders ingevoerde blad nie, tensy aan sekere voorwaardes voldoen word …" En hy stip die voorwaardes aan: eerstens, waarborg vir handhawing van "Transvaalse Nasionale beginsels, veral ten opsigte van C.N.O., Republiek en ekonomiese rekonstruksie". Hy vra-eis verder ook billike terme vir die bestaande blad en behoorlike verteenwoordiging vir die blad en die hoofbestuur van die Transvaalse party. Hy verneem of Malan namens die beplanners van die blad die waarborge kan gee "voordat ons verdere stappe neem".

In 'n naskrif wys Du Plessis daarop dat die AB nie in die saak kan optree nie, maar hy probeer Malan se arm draai deur "as Broer en ondervoorsitter van die U.R. en tewens as Politieke Ex-kommissaris van dieselfde liggaam" 'n beroep op Malan te doen "om aan bostaande indien enigsins moontlik bevredigende gevolg te gee". [28]

Drie weke later lê Du Plessis die saak aan die Nasionale Dagbladkomitee in Kaapstad voor. Sy brief, afgestuur "namens 'n groep Potchefstroomse vriende" en waarvan afskrifte aan partyleiers besorg is, vertoon 'n byna desperate erns om te verseker dat die te-stigte koerant die reeds aan Malan uitgestippelde beleidsrigtings sou volg. En net om seker te maak, word onder meer 'n waarborg gevra "dat u by eventuele oorname van Die Republikein sy teenwoordige eienaars nie bind tot ewigdurende stilswye ten opsigte van enige moontlike aksie van protes of kompetisie met u onderneming in die toekoms nie, in geval dat u afwyk van die beginsels wat hulle en ons voorstaan."

Waarskuwend, byna dreigend, gaan Du Plessis voort: "As 'n dergelike soort waarborg wegbly, dan vrees ons dat die saad van wantroue en verdeeldheid in Nasionale kringe in Transvaal sal groei, sekerlik nie tot heil van ons saak en ook nie tot voordeel van u tog altyd enigsins riskante onderneming nie." [29]

Du Plessis het nie heeltemal namens die partyleiding gepraat nie. Oor die program van beginsels het die vurige "Leeu van die Noorde", Strijdom, dit nodig gevind om vir Du Plessis te paai deur daarop te wys dat reeds soveel sake in die program van beginsels in hulle guns beklink is, dat hulle nie nou op verdere wysigings moes aandring nie. [30] Aan De Wet het Strijdom dit onomwonde gestel dat hy "hart en siel" vir samewerking in die dagbladprojek was, om daarvan 'n sukses te maak. Syns insiens het *Die Republikein* nie aan die verwagtinge voldoen nie en ontstaan die vraag nou "of ons nou maar moet aansukkel met behulp van die Republikein alleen en so ja, hoever dit ons in die stryd sal bring". [31] De Wet was nie te beweeg nie en hy het swaarmoedig voorspel dat 'n krisis in die party op hande is, dat dit die party sal breek as die projek deurgedryf gaan word. [32]

Dr Malan en die medebeplanners aan die nuwe dagblad het hulle in elk geval nie juis laat afdreig nie en hul gang gegaan. Du Plessis is wel op die dagbladkomitee van die party verkies. [33]

Die blad *Zuid-Afrika* het skerpsinnig die opbouende spanning oor die dagbladkwessie opgemerk en uitgewys dat die entoesiasme vir die nuwe blad veral nie in Potchefstroomse kringe gedeel is nie. Die Potchefstroomse standpunt – daarmee bedoelende eintlik die standpunt van die leidende polities georiënteerde akademici – wat eintlik beginselverskille was, was volgens dié blad vierledig: (1) Potchefstroom ywer vir 'n republiek (2) Potchefstroom is nie tevrede met "de gemengde vlag" nie (3) Potchefstroom wil nie neutrale onderwys aanvaar nie en (4) "Potchefstroom kan zich niet vinden in het verwaterde republikeinsche streven der Kapenaars". Die blad merk op dat Potchefstroom hieroor "onverzettelijk" is, maar dalk sou die partyleiding 'n oplossing vind. [34]

Die spanning in die "Gesuiwerdes" se geledere het hoog geloop. Prof de Wet was duidelik gefrustreerd en op 20 Maart 1936 bedank hy gevolglik uit die Driemanskap, die Federale Raad en die Hoofbestuur van die party. [35] In *Die Republikein* van 9 April 1936 het hy ernstige bedenkinge ingebring jeens etlike aspekte van die nuwe party se program van beginsels. Die biograaf van Strijdom gee toe: "Ongetwyfeld het De Wet aangedring op 'n suiwerder formulering van beginsels. Hy het beslis die vinger gelê op sake wat na aan die hart van die Nasionalis gelê het. Maar of hy veel bereik het met sy betoog, val te betwyfel." Dit was akademies, blote debatspunte en die Nasionaliste kon hulle vereenselwig met "die wese" van die program



***4.1.5***

***Prof CJH de Wet... het aangedring op suiwerder formulering van beginsels.***

van beginsels. [36]

Hoewel kollega Du Plessis die sienswyses van De Wet grootliks ondersteun het, was hy gekant teen verbrokkeling van die party aangesien dit juis die ideale van De Wet en *Die Republikein* sou vernietig. Anders as De Wet, was hy bereid om geskille op die agtergrond te skuif ter wille van party-eenheid. [37]

Dat De Wet darem nie 'n stem roepende in die woestyn was nie, blyk uit die feit dat die voorsitter en ses ander lede in Junie 1936 uit die hoofbestuur van die party bedank het. [38] Dit was egter nie veel meer as die spreekwoordelike storm in die teekoppie nie en, anders as De Wet se voorspelling, sou die te-stigte nuwe dagblad vir Transvaal – *Die Transvaler*, wat vanaf 1 Oktober 1937 met dr HF Verwoerd as redakteur verskyn het – 'n wenner blyk te wees.

Die Dagbladkomitee van die Transvaalse Pers (uitgewers van *Die Republikein*,) met Du Plessis as lid en waarskynlike breintrust, het intussen ook in dispuut met die leierskorps van die Nasionale Party vasgeval. Na 'n uitgerekte woordewisseling waaraan verskeie rolspelers deelgeneem het, het *Die Republikein* en sy uitgewer Transvaalse Pers hulle van die Nasionale Party onttrek. [39]

Du Plessis het, volgens Basson, op twee stoele probeer sit, 'n versoeningsrol probeer speel – soos wat hy dwarsdeur sy loopbaan probeer doen en hom dusdoende dikwels aan kritiek blootgestel het. Hy het steeds 'n radikale republikeinse rigting bepleit en Malan van koersloosheid beskuldig, maar tog nie weggebreek nie. [40]

Intussen het 'n ander faksie beswaardes van die NP weggebreek en 'n Nasionaal-Republikeinse Eenheidsfront gestig, met uitnodiging aan De Wet om hom by hulle te voeg. De Wet wou egter nie en het in Maart 1937 op eie houtjie 'n konferensie oor Christelik-republikeinse politiek byeengeroep. Vir oulaas het hy gepoog om veranderinge aan die program van beginsels te laat aanbring, "om die Nasionale Party meer te laat wees as 'n blote politieke party, om dit te laat wees in die ware sin van die woord: 'n Volksbeweging". [41]

Van NP-kant is simpatie betoon jeens De Wet se Christelik-republikeinse ideaal, maar daar kon nie meer wysigings aan die program aangebring word nie en De Wet is genooi om met die Nasionale Party, as enigste volksbeweging, saam te werk. De Wet se reaksie was om sy lidmaatskap van die party in September 1937 prys te gee. Op die hoofbestuursvergadering waar sy bedanking gedien het, is Strydom as hoofleier en mev MM Jansen en prof LJ du Plessis as onderleiers van die party verkies. [42]

Die politieke verwikkelinge waarin prof De Wet en in 'n mindere mate prof du Plessis betrokke was, het gekulmineer in 'n bepaalde denkrigting wat vorentoe 'n groot rol in die Afrikanerpolitiek maar ook in die landspolitiek sou speel, te wete die verlies aan vertroue in die partypolitiek, die demokrasie en die koukusstelsel. De Wet het byvoorbeeld in April 1936 erken dat hy al sy vertroue in partyleiers verloor het, dat partyskappe uitgedien was en dat oordrewe demokrasie 'n gevaar is. In die propagering van sy "Christelike Republikeinse Beweging" het hy ook die Britsgeoriënteerde partystelsel verwerp.

Ten spyte daarvan dat hy en De Wet swaarde gekruis het, het Strijdom tog vir De Wet as 'n suiwer republikein beskou, teenoor ander afvalliges wat hy as blote fasciste gebrandmerk het. Hy het selfs gevoel dat De Wet se beweging 'n goeie doel kon dien, mits dit nie die party benadeel nie. 'n Republikeinsgesinde party met 'n meerderheid in die parlement sou alleen die bande met Brittanje kon deursny en 'n Christelik republikeinse organisasie na vore bring, het hy gevoel. [43]

Intussen het Du Plessis steeds die posisie van onderleier van die Nasionale Party beklee. Dat sy persoon en bekwaamhede binne partyverband hoog geag is, blyk uit die feit dat hy in 1937 versoek is om hom as kandidaat in 'n tussenverkiesing vir die volksraadsetel Heidelberg beskikbaar te stel, kennelik as poging om die geledere van JG Strijdom as enigste Transvaalse verteenwoordiger in die parlement te versterk. Hy het egter nie daarvoor kans gesien nie. Ook prof Dirk van Rooy het 'n sodanige versoek van die hand gewys. [44]

Bekommerd oor die omvang van steun in Potchefstroom vir prof de Wet en ander ontevredenes, het Strijdom by geleentheid moeite gedoen en persoonlik met professore en lektore aan die PUK geskakel. Die terugvoering was dat De Wet, ten spyte van sy invloed in akademiese kringe, "feitlik alleen" gestaan het. Meer nog: die dosente het Strijdom verseker van hul ondersteuning vir die nuwe dagbladonderneming en gesamentlik aandele ter waarde van £400 in Voortrekkerpers opgeneem. Du Plessis se verkiesing tot onderleier van die party en prof Dirk van Rooy se hernude volmondige steun aan die Nasionale Party het skynbaar 'n groot rol gespeel om die politieke gemoedere in Potchefstroom te kalmeer. [45]

Na afloop van die 1938 algemene verkiesing het Du Plessis die Nasionale Party gemaan om sy vernaamste beleidspunte "so radikaal en duidelik moontlik voor die kiesers te hou", in afwagting van 'n deurslaggewende ommeswaai na die Nasionale Party as enigste alternatief "in die nuwe rigting van Christelik-Republikeinse reorganisasie van ons volkslewe, veral op ekonomiese gebied – d.w.s. uitroeiing van die armblankendom wat ons volkskrag verteer". [46]

### 4.1.4 Hernude kommer oor politieke deelname

Wat presies die aanleidende oorsaak of oorsake daarvoor was, is nie duidelik nie, maar teen Augustus 1938, kort na die algemene verkiesing, het die deelname van PUK-personeel aan die politiek weer skerp in die kollig gekom en is dit op bestuursvlak hanteer. Die rektor het naamlik die komitee vir Inwendige Beheer attent gemaak op probleme wat ontstaan vanweë personeel se aktiewe deelname aan politiek.

Nadat die saak deeglik bespreek is, is 'n voorstel as raadsbeleid geformuleer: "Die Raad het kennis geneem van die besware wat ingebring is teen aktiewe deelname van dosente aan die politiek en besluit dat hy dit baie wenslik en noodsaaklik ag dat dosente onder omstandighede hulle liewer heeltemal moet onthou van aktiewe deelneming aan party-politiek." [47] Toe hierdie besluit deur rektor Postma aan die Senaat voorgehou is, was daar groot ontevredenheid. Na breedvoerige bespreking het die Senaat kennis geneem van die besluit "en spreek sy leedwese uit oor die inkorting van die vryheid van dosente wat hy in die konsekwensie van die besluit opgeslote sien". [48]

Die Raad het op sy beurt die Senaat se reaksie onder die oog geneem. Verskillende gesigspunte het in twee voorstelle gekulmineer: om die saak in heroorweging te neem of om net daarvan kennis te neem. Laasgenoemde is met meerderheid van stemme aanvaar. [49] Die Raad het hom kennelik nie deur die Senaat laat voorskryf nie en daarmee inderdaad die potensiaal vir konflik geskep. Die bewoording van die raadsbesluit was egter só gekies dat dit minstens tog beperkte politieke deelname van personeel sou kon akkommodeer.

Maar dit was nie net dosente wat in die spervuur was oor politieke deelname nie. Te midde van die besprekinge daaroor deur die Senaat en Raad, is in September 1938 skerp kritiek teen sowel dosente as studente se politieke aktiwiteite in die Volksraad uitgespreek. Onder opskrifte soos "Professors as politicians" en "Allegations against P.U.C.".


Tydens 'n debat oor politieke deelname van professore in die algemeen, het advokaat Leslie Blackwell diesulkes bestempel as "one of the greatest curses of the country". Hy het spesifiek verwys na 'n Potchefstroomse professor "who went round with a gang of students, breaking up political meetings with the methods of American gangsters".

Die volksraadslid vir Potchefstroom, Hubert van der Merwe, het Blackwell ondersteun en onder meer verwys na "Malanite university students instigated by a professor", dié professor synde die ondervoorsitter van die Nasionale Party in Transvaal, LJ du Plessis. Du Plessis en die studente sou glo vergaderings op Potchefstroom en elders in Transvaal opgebreek het; studente kla ook dat professore hul sieninge in die studente se kele afdruk.

Minister Oswald Pirow, wat op daardie stadium as minister van Onderwys waargeneem het, het probeer om die vurige kole van die hoof van sy ou Alma Mater (hy was in 1905 student aan die destydse Teologiese Skool) te verwyder. Professore kan nie verhoed word om hul burgerlike regte uit te oefen nie, maar as hulle dit oordoen, het dit slegte invloed op hulleself en hulle studente. Hy het ook gepaai met die mededeling dat die Raad van die PUK besluit het dat geen professor in die toekoms aan die politiek mag deelneem nie. [50]

Prof du Plessis het nie die slae sommer net gevat nie. Op 21 September het hy die komitee vir Algemene Sake van die Raad ingelig dat die Studenteraad 'n verklaring wil uitreik oor die beskuldiging; hulle het dit aan hom voorgelê en hy het enkele wysigings aangebring. Die komitee het sy handelswyse goedgekeur. [51]

Die SR-verklaring **(insetsel)** het nie alleen die beskuldigings ten sterkste ontken nie, maar die aanklaers uitgedaag om hul beskuldigings buite die parlement te herhaal. Van der Merwe, sê hulle, het die naam van Potchefstroom se grootste bate op misleidende manier skade berokken. Die berig oor die



STUDENTS CHALLENGE M.P.'S

ALLEGED PARTICIPATION IN POLITICS

Statement By Students' Representative Council

PROFESSORS' VIEWS NOT THRUST DOWN THEIR THROATS

Allegations made in Parliament last week that professors and students from the Potchefstroom University College for Christian Higher Education participated actively in election meetings during the General Election earlier this year are refuted in a statement issued to the press by the Students' Representative Council of the Institution.

The allegations were made by Mr. Leslie Blackwell (M.P., Kensington) and by Mr. Hubert van der Merwe (M.P., Potchefstroom) and a challenge was issued by the Students' Representative Council to these and others responsible to prove their words outside the House. The statement is signed on behalf of the S.R.C. by Messrs. B. R. Kruger and P. J. Coetzee.

**It is understood that there is a further grievance against Mr. Hubert van der Merwe, who is accused of "maintaining an ignorant attitude towards the students," and that he "for some reason or other refused an invitation to become better acquainted with the students" The invitation, it is understood, was to a dinner with the students at the P.U.C. hostel.**

General Kemp's meeting at Potchefstroom, the statement says, was attended by only four students, while five attended a meeting addressed by General Hertzog at Klerksdorp "one of whom was assaulted in a comparatively rough way by supporters of the United Party when he was about to question the speaker."

No organised group of students led by any professor or on private initiative broke up any meetings, says the statement, which proceeds:

"We deny that any professor at any time pushed his political views down our throats. We are

COMMERCIAL HIGH SCHOOL

Will Building Be Started Forthwith?

Messrs. Corbett, Logie, and Norman, of Pretoria, visited Potchefstroom on Tuesday for the purpose of enquiring into the question of proceeding forthwith with the erection of permanent buildings for the Commercial High School.

They received a deputation from the Municipality headed by the Mayor (Mrs. Aletta Nel)



*4.1.6*

***Die PUK-studenteraad het skerp gereageer teen beskuldigings van politieke bedrywighede deur onder meer die plaaslike Volksraadslid Hubert van der Merwe.***

SR-reaksie meld ook dat navrae by andersdenkende studente gedoen is en dat hulle ontken dat professore hulle indoktrineer.[52]

### 4.1.5 'n Heildronk, die Kroningsmedalje en 'n blik op Nasionaal-Sosialisme


Die behoud van staatkundige bande met Brittanje en die Britse Ryk was een van die kardinale twispunte tussen die "smelters" en die "gesuiwerdes" in die dertigerjare. Soos reeds gesien, was die Teologiese Skool en later die PUK van meet af aan en as uitvloeisel van hul Afrikanernasionalisme 'n verbete teenstander van alles wat na Britse imperialisme en gevolglike politieke en staatkundige oorheersing gelyk of geruik het.


Waar gradedagseremonies tot dusver groot uithanggeleenthede en baie vreugdevol was, verkry dit skielik in Mei 1936 en 'n politieke kleurtjie en agterna 'n effense somberheid toe LJ du Plessis sy rektor in die Senaat aanvat. Hy merk op dat die dinee na afloop van die plegtigheid nie juis 'n groot sukses was nie en dat weinig personeel en studente dit bygewoon het. En hy sê openlik dat die heildronk wat by dié geleentheid op die koning en die goewerneur-generaal ingestel is, ontevredenheid veroorsaak het.

Rektor Postma het net op die laaste stelling gereageer. Hy het maar net "die usansie" gevolg wat tot dusver in gebruik was, maar as die Senaat dan meen dat dit in die toekoms gelaat moet word, lê hy hom daarby neer. Hy verkies egter om geen bespreking oor die saak toe te laat nie en daar word gevolglik afgestap van die saak.[53] Hoewel ietwat outokraties, het Postma se diplomatiese hantering van hierdie skynbaar nietige maar tog sensitiewe aangeleentheid, binne die konteks van die destydse gevoeligheid oor die bande met Brittanje, heel waarskynlik gemoedere laat afkoel.

By geleentheid van die kroning van koning George VI in 1937 is dwarsoor die Britse Ryk en in alle Statebondslande kroningsmedaljes vir besondere presteerders toegeken. Ook Suid-Afrikaners het vir hierdie eksklusiewe statussimbool in aanmerking gekom, hoewel die besondere sensitiwiteit in hierdie tyd rakende die interstaatlike verhoudinge die toekenning daarvan ietwat problematies gemaak het. Van die kant van die keiharde Nasionaliste is alles wat op onderhorigheid kon dui, summier verwerp.

So gebeur dit dat Postma in Mei 1937 die Raad inlig oor die toekennings en word daar, baie diplomaties, 'n kommissie aangewys om persone te identifiseer wat gewillig sou wees om, onderhewig natuurlik aan die gestelde kriteria, sodanige toekennings te ontvang.[54] Die saak is deur die komitee vir Inwendige Beheer opgeneem en vroeg in Augustus is die "uitbesteding"








*4.1.7*

***RG Amm en JP Nel en prof Titlestad – ontvangers van Kroningsmedalje 1937***

van die kroningsmedaljes aan raadslede Amm en Nel en prof Titlestad aanbeveel. [55]

Mnre RG Amm en JP Nel was beslis nie Afrikanernasionaliste nie; so ook nie prof Titlestad, departementshoof in Engels en voormalige Oxford-student nie. Dit is ook opvallend dat nie een prominente Afrikaanstalige dosent – en daar was etlike uitblinkers in hul geledere – en selfs ook nie eens die rektor daarvoor kans gesien het nie. Terloops dien net bygevoeg te word dat Postma wel in 1935, tydens die Silwer Jubileumvieringe van die destydse Britse vors, die spesiale medalje ontvang het. [56]

Die opkoms en verbreiding van Nasionaal-Sosialisme in Duitsland in die dertigerjare het nie veel aandag in



BUCKINGHAM PALACE.

Op Bevel

van

SY MAJESTEIT DIE KONING

word die bygaande Medalje gestuur

aan

Prof. Dr. F. Postma.

om gedra te word ter herinnering aan

Hulle Majesteite se Silwer-Jubileum

6 Mei 1935.

*4.1.8*

***In 1935 het Postma dié toekenning van die Britse Koning ontvang.***

penneprodukte van PUK-personeel gekry nie. Prof HG Schulze, Duitse dosent, het in Desember 1934 'n kritiese evaluering van hierdie stelsel in *Koers* gepubliseer en staan redelik sterk afwysend teenoor die stelsel se totaliteitsideaal van een staat, een volk, een kerk. [57]

LJ du Plessis, in 'n artikel oor moderne maatskaplik-staatkundige stelsels, veroordeel die "opspraakwekkende stelsels" soos Bolsjevisme, Fascisme en Nasionaal-Sosialisme as in stryd met die grondbeginsels van die Christendom en die Bybel. [58]

Ook prof JD du Toit (Totius) het nie juis trek vir hierdie radikale beweging nie. Tydens sy FAK-geïnspireerde reis na die Bybellande en Europa in 1937 bevind hy hom ook in Duitsland "met die Hitler-bewind op 'n hoogtepunt", maar hy voel geensins op sy gemak nie, oor die voortdurende "wat mag en wat mag nie". Hy sien inderdaad 'n groot gevaar in die Nasionaal-Sosialisme en stem saam met sy Nederlandse kollega, prof van Gelderen, dat die Nazi's se ideologie anti-Christelik is. [59]

## 4.1.6 PUK en die Afrikaner Broederbond


PUK-personeellede het in en deur hul betrokkenheid by die Afrikaner Broederbond 'n beduidende invloed uitgeoefen op politieke gebeure in die dertigerjare.

Hierdie organisasie is teen die middel van 1918 in Malvern, Johannesburg, gestig en wel as uitvloeisel van woelinge en onrus tydens 'n vergadering wat dr DF Malan kort tevore in dié stad toegespreek het. Tydens en na afloop van die vergadering het oorlogsgesindes en anti-oorlogsgesindes slaags geraak en is die Nasionale Party-klub aangeval, meubels uitgedra en verbrand, en 'n Union Jack op die balkon gehys – wat natuurlik die Nasionaliste rooi laat sien het. Pelzer se tipering is inderdaad 'n weerspieëling van hoe die destydse Nasionaalgesinde Afrikaners die tydsgees ervaar het: "Jingoïsme het geseëvier en nêrens op 'n aanstootliker wyse nie as in Johannesburg – die saamdromplek van ongewenstes uit alle dele van die Britse Ryk." [60]

Die "aaneensmelting van Afrikaners" was die hoofmotief vir die totstandkoming, vroeg in Mei 1918, van die organisasie Jong Suid-Afrika, wat op sy tweede vergadering in Julie 1918 die naam Afrikaner-Broederbond aanvaar het. [61] Dit is opmerklik dat die aanvanklike naam identies was met dié van die mondstuk van die ASB en die Unie van Debats en Jongeliede Verenigings van Transvaal (UDJT), met basis op Potchefstroom. Van meet af aan is Afrikanereenheid nagestreef, asmede die ontwikkeling van die Afrikaner en inskerping van liefde vir sy taal, geskiedenis, tradisies, land en volk. Verder: "Aan die bevordering van 'n eg Suid-Afrikaanse kuns en kultuur sou aandag gegee word, terwyl die behartiging van die ekonomiesvwe belange van Afrikaners nie verwaarloos sou word nie. Maar bo alles sou die handhawing en uitbouing van Christelike beginsels die grondslag wees waarop die Bond berus." [62]

Dié uitgespelde doelstellings het soos stukke van 'n legkaart presies ingepas by die strewe en oogmerke van die inrigting dáár op die Bult in Potchefstroom, wat juis op hierdie stadium uit die arendsnes van die Teologiese Skool uitgeskop sou word om die onsekere en onveilige toekoms op eie kragte aan te durf. Weldra sou daar koppeling plaasvind en het ook te Potchefstroom 'n tak van die AB tot stand gekom "which with its strict Calvinistic philosphy was destined to play an influential role for decades". [63]


Die stigting van 'n tak van die AB te Potchefstroom, op 11 Augustus 1923, word deur Pelzer beskryf as 'n groot geleentheid, wat deur nie minder nie as vyf lede van die Uitvoerende Raad en ongeveer twintig "broers" vanaf die Rand bygewoon is. Die leiding van die tak is aan twee PUK-dosente toevertrou: prof JC van






***4.1.9***

***Volgens LJ du Plessis, was hy en Frans du Toit die eerste twee AB lede van Potchefstroom. By formele stigting is JC van Rooy (onder) as voorsitter aangewys.***






***4.1.10***

***Bus met afvaardiging vanaf Johannesburg om AB-Tak te Potchefstroom te stig.***

Rooy is as voorsitter en mnr LJ du Plessis as sekretaris aangewys.[64]

LJ du Plessis lig in sy latere, veelbewoë lewe so effens die sluier oor die beginjare van die AB op Potchefstroom: "U weet seker dat toe ons organisasie as 'n mengsel van Afrikanerisme en Vrymesselary in die vroeë twintigerjare gedreig het om te versand, vriend Rassie [stigterslid LJ Erasmus] 'n Calvinistiese bloedoortapping kom soek het in Potchefstroom vanuit die Rand, en dat die eerste Potchefstroomse lede was my swaer Frans du Toit en ekself, wat op Johannesburg-stasie deur vriend Klopper in 1923 ingestel is; en dat leiding daarna geneem is, na enkele deur ons nodig geagte hervorminge in die konstitusie, deur wyle vriend Joon van Rooy." [65]

Oor sy en prof JC (Joon) van Rooy se AB-verbintenis skryf Du Plessis later só: "Hy en ek en Potchefstroom self is bekeer van ons vroeër enge Dopperisme en gered van die latere Afrikanerisme deur die invloed van ons professore Totius en Jan Kamp. En ons het gesaamlik die konsolidasie van die Afrikanerdom as geheel nagestreef, eers in die U.D.J.T. en later in die A.S.B., deur vanuit ons Studentekorps 'Veritas Vincet' te skakel met 'Werda' van Stellenbosch ... Solank as vriend Joon geleef het, het die openbare leiding van hom uitgegaan, maar ek was inderdaad sy 'backroomboy' ..." [66]

In 1929 is die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) op inisiatief van die AB in die lewe geroep en het dit as openbare arm van die AB, wat in die geheim gefunksioneer het, opgetree. [67] Ook in hierdie organisasie sou die PUK oor jare heen 'n beduidende rol speel.

Agter die skerms en in die binnekamers van die AB het prof JC van Rooy, as voorsitter van hierdie geheime organisasie van uitgesoekte Afrikaners in die tydperke 1932-1938 en 1942-1951, gaandeweg gegroei tot een van die formidabelste leiers in Afrikanergeledere. Ook LJ du Plessis, wat vanaf 1930 tot 1932 as voorsitter opgetree het en vir 'n tyd lank ook as politieke kommissaris van die beweging opgetree het, het hom feitlik deurentyd in die binnekringe van die beweging bevind en vandaar aandeel gehad in die koersbepaling en besluite van die AB. [68]

Waar die AB voorheen buite die politiek probeer staan het, is die organisasie deur die warrelwind gebeure rondom koalisie en samesmelting (wat genl Hertzog as die kampioenstryder vir die Afrikaner uit die dae van die stigting van die organisasie as 't ware uit die midde van sy mense weggeruk het tot in die arms van die "imperialistiese" Jan Smuts) kniediep in die politiek betrek. Potchefstroom het sterk hierin gefigureer.



***4.1.11***

***Bronne dui aan dat sowel adv JG Strijdom (foto) as dr DF Malan deur Potchefstromers beinvloed is om nie met Hertzog tot die koalisie in 1933 toe te tree nie.***

Serfontein beweer dat dr DF Malan in Januarie 1934 onseker was of hy Hertzog moes volg in die samesmelting met Smuts en sy mense. 'n Broederbonddeputasie is vanaf Potchefstroom gestuur vir dringende samesprekings, waarin uitgewys is dat dit nie in belang van die Afrikaner sou wees nie. Ook onder druk van party van sy Kaapse volgelinge, soos dit beskryf word deur CFJ Muller [69] in sy baanbrekerswerk oor die Nasionale Pers, *Sonop in die Suide*, het Malan op die ou einde toe nie geswig nie.

Maar dis nie al nie. JG Strijdom se biograaf, JL Basson, dui aan dat Strijdom, die enigste Transvaalse volksraadslid wat teen koalisie gestem het, se gedagtes oor die toekoms verward, en sy koers nog nie duidelik uitgespel was nie. "Later", gaan Basson voort, "sou die pad vir Stijdom duideliker uitgestippel word. Toe samesmelting in die plek van koalisie gepropageer is, het dit behels dat nie alleen die voortbestaan van die N.P. bedreig is nie, maar ook die onvermydelike verswelging van sy beginsels deur die nuwe samevoeging. Toe het hy geweet hoe om op te tree." [70]

Die "later" en die "toe" van Basson se vertelling word vanuit 'n ander hoek só verklaar: "Advocate J.G. Strydom, later Prime Minister, was also persuaded by Potchefstroom's Broederbond not to go along with Hertzog. Ds. W.J. de Klerk, of the Gereformeerde Kerk (Reformed Church), … spent virtually an entire night persuading Strydom not to take the step." [71] Strijdom was natuurlik getroud met De Klerk se dogter.

Serfontein se verklaring word tot 'n mate ondersteun deur koersaanduiding wat na koalisie uitgegaan het van die kant van persone soos proff AJH van der Walt en LJ du Plessis en deur die prominente rol wat Potchefstroom in die persone van prof CJH de Wet en ds WJ de Klerk gespeel het in die Waaksaamheidskomitee se stryd teen samesmelting.

Dat die anti-samesmeltinggesindheid in die AB die botoon gevoer het, blyk uit die feit dat vanaf Augustus 1932 ook aan die politieke behoeftes van die Afrikaner aandag gegee is en dat van toe af ook politieke persoonlikhede as lede van die organisasie gewerf is. In die praktyk het die AB al hoe meer lede uit die geledere van die "gesuiwerdes" begin trek terwyl "smelters" se politieke gesindheid nie juis meer aanklank sou vind nie. [72]

Hierdie AB-swenk na die politieke terrein is in Augustus onder hand van prof LJ du Plessis as voorsitter van die AB en ná kongresgoedkeuring dokumentêr vasgelê, toe hy verklaar het dat die kulturele en ekonomiese behoeftes van die volk nie tot sy volle potensiaal sou kon ontwikkel nie tensy alle vreemde bande polities verbreek word. Die AB sou voortaan ook moes omsien na die politieke behoeftes van die volk, met as einddoel 'n totaal onafhanklike werklike Afrikanerregering vir Suid-Afrika. [73]


Dit was juis na aanleiding van al die woelinge rondom koalisie en samesmelting dat die AB onder hand van voorsitter Van Rooy in Januarie 1934 lede versoek het om broederskap en eensgesindheid te bewaar, ongeag politieke verskille. Die AB het, volgens Basson, die indruk probeer skep dat die politieke verdeling vanweë koalisie en samesmelting nie sy posisie wesenlik beïnvloed het nie en het dit pertinent uitgespel dat dit nie gaan oor watter persoon of party die oorhand verkry nie. Die hoofdoel, sê die verklaring, is dat Afrikanerdom sy uiteindelike bestemming sal bereik, naamlik dié van baasskap in Suid-Afrika, en dat die Afrikaner Broederbond die land sal regeer. [74]

Hierdie vertroulike omsendbrief was dinamiet in die hande van 'n buitestander. 'n Hooggeplaaste AB-lid wat in onguns geval het, het dit aan Hertzog gelek. [75] Ten spyte van vooraf pogings van die kant van prof Van Rooy en ander AB-lede om hom daarvan te weerhou, het die generaal in November 1935 'n striemende aanval op die beweging gedoen, as dat hy sy kulturele grondslag verloën en hom met die politiek bemoei. Hy het dr Malan verwyt dat hy, in plaas van voortgesette ywer vir 'n verenigde Afrikanerdom, bestaande uit Afrikaans- en Engelsprekendes, nou weggeswenk het en kampvegter vir verdeeldheid en twis onder Afrikaanssprekendes geword het. Lê die heil van die Afrikanervolk dan in "geheime samespanning tot bevordering van rassehaat, van volksverdeeldheid en van broedertwis?" [76].

Hertzog het die twee Potchefstroomse dosente kwaai gestriem oor hul propagering van Afrikaner-oorheersing en daarna verwys as "Potchefstroomse fanatisme" en as "'n malle, fatale idee". Die toespraak van Du Plessis tydens die AB-kongres in Augustus 1932 en die omsendbrief wat deur Van Rooy uitgestuur is het, volgens Hertzog, die kulturele masker van die AB afgeruk. [77] Siende dat sowel JG Strijdom as Du Plessis, medeleiers van die "Gesuiwerde" Nasionale Party (GNP) in Transvaal, asook dr DF Malan en ander partyleiers lede van die AB is, verwys Hertzog na die AB as die ondergrondse vleuel van die GNP. [78]

Hertzog het verskeie kere en baie pertinent verwys na die stelling van prof van Rooy dat die AB Suid-Afrika moet regeer. [79] Historikus GD Scholtz sê van hierdie Van Rooy omsendbrief dat nie ontken kan word nie dat hy (Van Rooy) sy standpunt enigsins lomp en ondiplomaties gestel het; en as hy vermoed het welke storm hy sou veroorsaak, het hy miskien eers "elke woord op 'n goue skaaltjie geweeg." [80]

Baie jare later word daar eers agter die kap van die byl gekom en blyk dit dat die omstrede dokument eintlik 'n ander "baas" het, naamlik "backroom boy" LJ du Plessis! Du Plessis herinner hom dit só: "Die pad wat ek vroeër deur vriend Joon vir ons organisasie probeer aandui het, is in die openbaar bekend gemaak deur vriende Joon en Ivan [Lombard], as Voorsitter en Sekretaris respektief,



*4.1.12*

***Genl JBM Hertzog ... striemende aanval op "Potchefstroomse fatalisme" en hul "malle, fatale idee" van Afrikaner-oorheersing.***

in 1934 ... Dit het daarheen gestrek dat ons roeping is om Suid-Afrika te verafrikaans (en wel in 'n ideologiese en nie 'n chauvinistiese sin nie), en dat hierdie doel bereik kan word as ons land bestuur sou word, nie in die gees van enige politieke party nie, maar in die van die Afrikanerdom as sodanig en as geheel." [81]

Hierdie skerp aanval op die AB het 'n nadraai gehad. GD Scholtz vertel baie jare later in 'n koerantartikel hoedat Van Rooy by geleentheid by hom op kantoor was, vroeg in 1943: "Laat ek maar dadelik sê dat hy [Van Rooy] seker een van die edelste en regskapendste manne was wat ek ooit die eer gehad het om te ken. Hy was 'n ware voorbeeld van wat 'n Christen behoort te wees ... Hy het my vervolgens, in 'n gesprek van anderhalf uur, vertel hoe hy met die sitting van 1936 vir genl. Hertzog in sy kantoor gaan opsoek en hom o.m. oor die ideale van die Broederbond ingelig het. Genl. Hertzog het ook met stygende belangstelling geluister na hoe planne beraam word om 'n Afrikaanse handelsbank op te rig. Met die afskeid het hy albei hande van prof Van Rooy in syne geneem en hom alle sukses met sy planne toegewens. Nooit tot sy dood byna sewe jaar later het genl. Hertzog weer in die openbaar na die Bond verwys nie." [82]

Dit is egter nie heeltemal korrek nie. Inderdaad het prof van Rooy vir genl Hertzog by twee geleenthede gaan spreek. Na sy eerste besoek het Van Rooy gerapporteer dat Hertzog sy inskiklikheid te kenne gegee het en die AB "die beste vir die toekoms toegewens het". Toe hy egter hierna weer kritiek op die beweging uitgespreek het, het Van Rooy die premier vir 'n tweede keer gaan sien. "Hy is baie simpatiek te woord gestaan", vertel Pelzer, "waarna 'n gerusstellende verklaring by wyse van 'n omsendbrief aan afdelings uitgestuur is". Maar weer het Hertzog nie woord gehou nie en vir die soveelste keer in April 1938 op die beweging se tone getrap. [83]

LJ du Plessis se pos as politieke kommissaris van die AB is midde-in die woelinge rondom Hertzog se striemende aanval afgeskaf. Daar was skynbaar mede-Broers wat Du Plessis as te ambisieus beskou het. [84]

Die belange en oogmerke van die Afrikaner Broederbond was grootliks ook die belange en oogmerke van die PUK, vir sover dit die Afrikanerkarakter van hierdie inrigting betref. Tydens die simboliese Ossewatrek van 1938, waaraan PUK-personeellede baie aktief deelgeneem het **(kyk afdeling 5.1.23)** het die beweging die leidende rol agter die skerms gespeel [85] terwyl die massa-byeenkoms van Afrikaners te Monumentkoppie, in September 1939, ook die breinkind van hierdie organisasie was. [86]

## 4.1.7 Monumentkoppie 9 September 1939 en daarna …

As uitvloeisel van die bruisende Afrikanernasionalisme wat deur die landswye herdenking van die Groot Trek in 1938 opgewek is, is vanuit verskeie oorde pogings aangewend om politieke versoening en eenwording in Afrikanergeledere te bewerkstellig, om die breuk van 1933-34 te herstel. Vanuit Stellenbosch het prof AC Cilliers sterk inisiatief geneem en onder andere met sy "Quo Vadis?"-pamflet die tonge losgemaak en aksie ontlok. 'n Stellenbosch Versoeningskomitee is gestig en daar is ywerig landswye steun in universitêre kringe gesoek. [87]

Ook vanaf die PUK-kampus is ywerig meegedoen aan hierdie versoeningspogings.

Vroeg in 1939 gee Cilliers aan dr Albert Hertzog, 'n sleutelfiguur in die hele aksie, te kenne dat daar wel volle steun in Bloemfontein vir die saak is, maar hy het tydens 'n besoek aan Potchefstroom "verdeelde steun" ervaar: "Sommige is bang vir verbrokkeling as 'n poging tot eenheid gemaak word, ander is nie tevrede met die manier waarop ek die republikeinsel [beginsel?] "afwater" soos hulle sê en weer ander is geesdriftig oor die poging soos deur Stellenbosch voorgestaan."

Hy meld verder dat in universiteitskringe in Pretoria, Potchefstroom en Bloemfontein kernkomitees gestig is, wat lede sal werf en met die Stellenbosch pogings tot versoening sal meewerk. [88]



***4.1.13***

***Prof AC Cilliers – loods 'n versoeningsinisiatief vanuit Stellenbosch en kry ook op Potchefstroom baie steun.***



NASIONALE MERK
NM
EIERS PLUIMVEE GROENTE
SPEK VLEIS VRUGTE
GEWAARBORGDE PRODUKTE

# Die Transvaler

SWEET-ORR MOTOR-WERKSKLERE
Trek hulle—Draai hulle—Span hulle! SWEET-ORR se Motor-werksklere word beter deur rowwe handtering—hulle is so gemaak BEROEMD VIR 88 JAAR

TWEEDE JAARGANG. No. 292. | Gedruk en uitgegee deur die Voortrekkerpers Bpk., Hoekstraat 18-24, en versprei deur die Sentrale Nuusagentskap, Johannesburg | MAANDAG 11 SEPTEMBER 1939 | Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad | TWEE PENNIES

## MEER AS 70,000 AFRIKANERS JUBEL OOR HERENIGING VAN VOLK

Met 'n Vierkleur om die skouers gehang sit die twee volksleiers en luister na die volksvergadering se betuiging van eenheidstrewe op die Pad van Suid-Afrika. (Verdere foto's op bll. 5 en 6).

### DOKTERSGRAAD SONDER EKSAMEN

### Rekruteringsplan Van Die Randse Universiteit

DIE vervroeging van die eksamens van alle studente in die finale

### Donderende Trou Aan Republiek

### TREKKERIDEALE GEHULDIG

DIE HULDIGINGSBYEENKOMS TER ERE VAN Dr. D. F. MALAN EN GENL. J. B. M. HERTZOG SATERDAGMIDDAG AAN DIE VOET VAN DIE VOORTREKKERMONUMENT, WAT DEUR TUSSEN SEWENTIG- EN HONDERDDUISEND MENSE BYGEWOON IS, HET IN DIE EERSTE PLAAS UITGELOOP OP 'N MAGTIGE DEMONSTRASIE VAN VREUGDE

### Die Volksverklaring

DIE volksverklaring, wat deur Totius voorgelees is, lui as volg:

„In hierdie plegtige stond waarin die lug om ons heen tril van aandoening, waarin die gewaad van lof 'n benoude gees vervang, waarin 'n heilige vuur sy vonke van siel op siel laat oorspat, waarin ons, nog geen jaar later nie, op dieselfde plek staan waar ons as nasie saamverbonde gestaan het, maar nou nie meer alleen met 'n WENS in ons harte nie, maar met die DAAD van volkseenheid voor ons oë—in hierdie stond, waarin ons met onuitspreeklike dankgevoel erken en bely dat die heerlike God alleen die Wakkerskudder van ons nasie is, wens ons te verklaar dat die God van ons vaders aan ons regte verordeninge en betroubare wette gegee het, maar ons moet ook erken dat ons as volk daarvan afgewyk het, met die gevolg dat ons een en almal nie alleen ons hoë volksroeping versaak het nie, maar ook, tot ons straf, onder mekaar getwis het.

„Gedagtig aan die trou van Hom wat ons nooit verlaat het nie, maar ons nog steeds op die regte Pad van Suid-Afrika bewaar het, is ons gebed dat Hy aan ons volk die kennis van sy weë mag leer soos dié bewandel moet word in ons persoonlike, huislike en openbare lewe.

„Tewens wens ons met hierdie verklaring ons begeerte te openbaar en te beseël dat ons verlang om ons volk te dien, tot opbou en nie tot neerwerping nie, en dat ons mekaar se hand gryp op die Pad van Suid-Afrika om dit nooit weer los te laat nie. Dit verklaar ons plegtig met opheffing van ons hande."

### Volk Gee Premier Geen Rede Om Krygswet Uit Te Roep Nie



***4.1.14***

***'n Geesdriftige skare Afrikaners by Monumentkoppie.***



*4.1.15*

***Prof JC (Joon) van Rooy aan die woord by Monumentkoppie, 9 Desember 1938, "en weldra word sy welluidende stem met groeiende instemming ingehoor ... Die spreker raak al hoe meer besielend en sy toespraak gaan van die een hoogtepunt na die ander". Toe hy die koms van 'n republiek voorspel kom die hele skare jubelend op hul bene... "Dit was sy grootste uur."*** **(Die Transvaler 11.9.1939)**



Prof. Joon van Rooy, man van die volk







*4.1.16*

*Van Rooy en genl Hertzog.*

*4.1.17*

*Van Rooy en dr Malan.*

Prof de Wet, wat van sy kant reeds teen die einde van 1938 geywer het vir die hou van 'n volkskongres, het so 'n bietjie teruggehou, in afwagting op resultate van die Stellenbosch-inisiatief, maar hy was bra skepties of dit wel sukses sou hê.[89]

Die Stellenbosch-versoeningsinisiatief het gekulmineer in 'n beroep op die twee leiers, genl. Hertog en dr Malan, om 'n Volkskongres te belê "met die doel om die brandende volksvraagstuk van politieke versoening te bespreek", welke kongres geleentheid sou bied "om die magtige drang na volkseenheid, wat tydens die Eeufees van 1938 allerweë so ondubbelsinnig tot openbaring gekom het, ook tot 'n politieke werklikheid te omskep". Die leiers word uitgenooi tot 'n voorlopige samespreking met 'n aangewese versoeningskomitee, bestaande uit "akademici wat buitekant die aktiewe partypolitiek staan". Hierdie beroep, wat eintlik die vorm van 'n petisie aangeneem het, is onderteken deur dosente van die vier Afrikaanse universiteite te Stellenbosch, Pretoria, Bloemfontein en Potchefstroom.[90]

Die elf ondertekenaars van die PUK was professore AJH van der Walt, LJ du Plessis, FJ Labuschagne, G Dekker, JP van der Merwe, HG Stoker, AP Goossens en HG Schulze en senior lektore DW Krüger, DCS du Preez, AP Malan.

Nie-ondertekening van die versoekskrif beteken nie noodwendig verskil van opinie nie. Vanweë sy besondere posisie binne die AB en sy erkende rol as vredemaker kon verwag word dat prof Joon van Rooy nie sy hand op die papier sou sit nie, hoewel hy in die verdere onderhandelinge saam met die groep 'n belangrike rol gespeel het. Dit is ook begryplik dat rektor Postma, sy eweknie van die Teologiese Skool, prof JD du Toit, en die hoof van Normaal Kollege en ereprofessor in Opvoedkunde, prof PJ van der Merwe, vanweë hul leidende posisies in hulle inrigtings nie die petisie onderteken het nie. Agt ander senaatslede se name verskyn nie op die lys nie, naamlik proff S du Toit, RM Titlestad, JC Coetzee, JC van Rooy, DJ van Rooy, G van Wageningen, GTS Eiselen en DJ du Plessis, en senior lektor JS van der Merwe; só ook die name van lektore/senior lektore J Postma, A Lennox-Short en JM Hattingh. Of hierdie persone nie wou teken nie, en of hulle nie kon nie, is moeilik om vas te stel. Cilliers erken self dat die vakansie 'n belemmering was vir die verkryging van handtekeninge te Bloemfontein en Potchefstroom.[91]

Op Saterdag 2 September 1939 het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek. Die Unie-parlement was in spesiale sitting en op Maandag 4 September word met 'n meerderheid van 13 stemme besluit om nie Hertzog se voorstel te steun en neutraal te staan nie, maar om adjunkpremier Smuts se koers te volg en die oorlogspoging te ondersteun.

Hierdie stemming het die nou reeds brose eenheid binne die vyfjaaroue Verenigde Party (SANVP) onherroeplik laat verbrokkel. Hertzog en die meeste van sy 1934-volgelinge en Malan en sy destydse wegbrekers stem in 'n blok saam, maar benodig op die ou einde sewe stemme om die kroon te span op die selfstandigheidstrewe en in 'n oorlog neutraal te bly. Die finale stemming toon dat van die beoogde nasiebou, soos deur en met die 1934 samesmelting beoog en voorgegee, nie veel gekom het nie: op een na was al Hertzog se ondersteuners Afrikaanssprekendes, terwyl Smuts se meerderheid, op enkele stemme na, hoofsaaklik uit Engelssprekendes bestaan het.[92]

In Afrikanerbinnekamers is daar nie in sak en as gesit nie, maar sou die neerlaag in die oorlogsdebat ses dae later in 'n bruisende oorwinningsfees by Monumentkoppie omskep word. PUK se prof JC (Joon) van Rooy, grootbaas van die Afrikaner Broederbond, staan midde in hierdie verwikkelinge en betrek ook kollega en volksdigter Totius (prof JD du Toit) by die reëlings vir die dankie-sê-seremonie vir die twee leiers, Hertzog en Malan.

Oor 'n versoek van die dagbestuur van die FAK om 'n gelofte op te stel "waarmee die volk hom voor die aangesig van God sou verbind om alle verdeeldheid te staak en alle broedertwis finaal te beëindig", was Totius baie skepties en huiwerig: sê nou die volk hou nie daarby nie? Onder druk het Du Toit tog toegegee ...[93]

Saterdag 9 September 1939 was die groot dag, met 70 000 of meer opgewonde en besielde Afrikaners saamgetrek rondom die verrysende monument ter ere van die Voortrekkers net buite Pretoria.[94] Die hoofrede by die geleentheid word gevoer deur prof Van Rooy van die PUK. Met verwysing na die gebeure rondom 1933, sê hy dat dit verwarring onder die volk gebring het, dat bitterheid en smart deurleef is. Allerlei pogings is aangewend om die breuk te heul, pogings waaraan hy self ook deel gehad het. Hy het tot die heilige oortuiging gekom dat albei groepe dit ewe goed bedoel het, dat hulle dieselfde ideaal net langs verskillende weë nagestreef het.

Op die gevaar af dat die samekoms van Afrikaners beskou sou word as die vorming van 'n rasseblok om ander rassegroepe te onderdruk, het Van Rooy die versekering gegee: "Dit lê nie in die karakter van die Afrikanervolk om rassegroepe te onderdruk nie ... Dit is nie ons voorneme om 'n ander rassegroep te onderdruk of te verontreg nie, maar hierdie eenheid eis ons vir onsself as 'n heilige deur God gegewe reg. Ons is bereid om reg te laat geskied aan alle rassegroepe."

(Die term "ras" is destyds vry algemeen toegepas op die verhouding tussen Engels- en Afrikaanssprekendes.)

Van Rooy se oproep, "Gaan voort volk van Suid-Afrika op die pad wat lei tot algehele selfstandigheid, die pad wat lei na 'n republiek van Suid-Afrika" het oorweldigende toejuiging en die spontane sing van die Transvaalse volkslied, "Kent Gij Dat Volk", ontlok.

Hierna het Van Rooy om die beurt vir dr Malan en genl. Hertzog aan die woord gestel, waarna Totius die "Volksverklaring" voorgelees en die massa Afrikaners dit met die ophef van hande bevestig het.

Totius se aanvoeling van onsekerheid of die volksverklaring gedoen mog word, sou spoedig blyk in die kol te wees. Die eerste tekens van voortgesette verdeeldheid en onderlinge wantroue het na slegs enkele dae uitgeslaan, by die weke vererger en teen die einde van November 'n formele eenwordingspoging laat skipbreuk ly. [95]

Prof van Rooy het saam met prof Cilliers, dr Albert Hertzog en andere vir genl Hertzog op sy plaas gaan bearbei en dit was sy idee om, indien samewerking voor die tyd tog bewerkstellig word, 'n beoogde volkskongres wat oor 'n moontlike dispuut tussen die leiers moes uitspraak gee, te omskep in 'n volksdemonstrasie ter viering van die verkreë eenheid. [96]

'n Samespreking tussen die leiers, op 22-23 November 1939 te Pretoria, het nie die beoogde resultate gelewer nie. Vroeg in Desember is Van Rooy weer saam met ander versoeners by Hertzog op sy plaas: "Joon het hom eerstens bedank dat hy ons ontvang, en verduidelik hoe diep teleurgesteld die land was met die uitslag van die Pretoria-konferensie van 23 Nov .... Ons kom na hom om ons dienste aan te bied... Hy het mooi ernstig en indrukwekkend gepraat." Hierna word hare gekloof oor die formulering betreffende die republikeinse strewe as die groot geskilpunt. [97]

Op hierdie tydstip het prof de Wet se Christelike Republikeinse Party weer ter sprake gekom, toe daar ná die groot volksbyeenkoms te Monumentkoppie probleme was om met genl. Hertzog tot 'n vergelyk te kom oor die republikeinse strewe. Heelwat ontevredenes het Strijdom ingelig dat hulle eerder by De Wet sou aansluit en Strijdom self het laat blyk dat hy dit ook sou doen, indien die probleem nie opgelos word nie. [98]

Die oorlogsbesluit op 4 September 1939 was toe nie op die ou einde, soos verwag is, die katalisator om die eenheidsgevoel in werklikheid te omskep nie. Enkele maande na die grootse eenheidsdemonstrasie by Monumentkoppie was die Afrikanerdom so verdeeld soos nooit tevore nie. [99] Tog sou die akademiese gemeenskap, waaronder die paar PUK-dosente wat tot hiertoe so prominent gefigureer het, nie hul pogings om Afrikaner-eenheid te bewerkstellig, sommer so laat vaar nie. En het Van Rooy maar weer, vroeg in 1940 en weer na die finale breuk tussen Hertzog en die HNP in November 1940, as vredemaker probeer optree. [100]

Politieke verdeeldheid in Afrikanergeledere sou in die oorlogsjare hoogty vier. In die proses sou nie net persone soos Joon van Rooy en LJ du Plessis nie, maar ook verskeie ander personeellede van die PUK hulle midde-in dié smeltkroes bevind. Van die Raad se welmenende besluit oftewel wens "dat dosente onder omstandighede hulle liewer heeltemal moet onthou van aktiewe deelneming aan party-politiek sou nie veel tereg kom nie ... **(kyk verder hoofstuk 4.3)**




***4.1.18***

***Motoroptog na Monumentkoppie, 9 September 1919. Dit kan aanvaar word dat, behalwe Totius en prof Joon van Rooy, verskeie ander PUK-dosente en studente dié verrigtinge bygewoon het.***